

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRADE 11

**WISKUNDIGE GELETTERDHEID VRAESTEL 1
HALF JAARLIKSE EKSAMEN**

PUNTE: 75

TYD: 1½ UUR

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye en 'n Bylaag

INSTRUKSIES EN INLIGTING


1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF vrae. Beantwoord AL die vroegte.
2. Beantwoord VRAAG 4.2 op die aangehegte antwoordblad, BYLAAG B. Skryf jou naam en van in die spasie wat voorsien is op die BYLAAG en handig dit saam met jou antwoordblad in.
3. Nommer jou antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in die vraestel gebruik word.
4. Jy mag 'n goedgekeurde sakrekenaar (nie-programmeerbare en nie-grafiese) gebruik, tensy anders aangedui.
5. Wys ALLE berekening en stappe duidelik.
6. Dui meeteenhede aan, waar van toepassing.
7. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Rond ALLE FINALE antwoorde paslik af volgens die gegewe konteks, tensy anders aangedui.

VRAAG 1

Maureen, wat in Hazyview in Mpumalanga bly, kuier in die Noord-Kaapprovinsie gedurende die Desember vakansie. Sy het by 'n plaaslike restaurant geëet en gevra vir 'n gesonde plaaslike geregt. Hulle het 'n volstruis fillet in nartjie sous aanbeveel. Volstuisvleis is vetvry en laag in kalorieë en cholesterol, terwyl dit ryk aan proteïene is.



Die volgende is die resep vir Volstruis Fillet in Nartjie Sous.



- 1.1 2 Eetlepels (E) olyfolie is nodig vir die resep. Hoeveel ml olyfolie sal Mapula gebruik? Gebruik: $1\text{ E} = 15\text{ ml}$ (2)
- 1.2 Hoeveel biefstokpoeier sal gebruik word om die resep vir 20 mense voor te berei? (2)
- 1.3 Volgens die resep, moet die oond vooraf verhit word tot 400°F . Herlei die temperatuur na $^{\circ}\text{C}$ deur die onderstaande formule te gebruik:
 $^{\circ}\text{C} = (\text{ }^{\circ}\text{F} - 32) \div 1,8$. Rond jou antwoord af tot die naaste 10°C . (3)
- 1.4 In Suid Afrika word vleis per kilogram (kg) verkoop. Herlei die volstruis fillet se gewig wat nodig is om die resep te maak, na kilogram. Gebruik die volgende:
 $1\text{ kg} = 32,274\text{ oz.}$ (3)

[10]

VRAAG 2

- 2.1 Loveday het vir dertien jaar by Komati Kragstasie gewerk en het gedurende Desember na sy tuisdorp, Seville teruggekeer. Loveday wil 'n tuindienste onderneming begin in Julie 2015. Hy wil twee assistente aanstel om hom te help.



- 2.1.1 Gebruik BYLAAG A om die waardes van A, B, C, D, en E te bepaal. (10)
- 2.1.2 Vir hoeveel maande is die kwotasie geldig? (2)
- 2.1.3 Skryf die kwotasie nommer neer wat Loveday moet gebruik indien hy besluit om die toerusting te koop. (2)
- 2.1.4 Die twee-slag olie word verkoop in bottels van 200 mL. Herlei hierdie volume na liter. Gebruik: $1\ell = 1000 \text{ mL}$ (2)
- 2.2 Loveday het nie genoeg kontant beskikbaar om die materiaal by Manyeleti Hardwarewinkel te koop nie. Hy gaan na ZAMA-ZAMA bank om R6 500 te leen. Die bank offer hom 'n 8,5% lening, jaarliks saamgestel, vir 2 jaar. Bereken die totale bedrag wat hy gaan terugbetaal na twee jaar. (4)

2.3 Die volgende is Loveday se eerste maand se inkomste- en uitgawestaat:

TABEL 1: Inkomste- en Uitgawestaat vir Loveday se eerste maand

| INKOMSTE: R7 200,00 | UITGAWES |
|---------------------|-----------------------------|
| | Salarisse: R2 700,00 |
| | Petrol: R610,20 |
| | Olie: R28,94 |
| | TOTAAL: R3 339,14 |


2.3.1 Bereken Loveday se profyt. Gebruik die formule:

$$\text{Profyt} = \text{Inkomste} - \text{Uitgawes} \quad (2)$$

2.3.2 Hy verhoog die prys van grassnydienste per maand van R360,00 na R380,00. Bereken die persentasie verhoging. Gebruik die formule:

$$\% \text{ verhoging} = \frac{\text{nuwe prys} - \text{ou prys}}{\text{ou prys}} \times 100 \quad (3)$$

2.4 Loveday het 'n bakkie nodig om sy dienste uit te brei na ander areas. Hy sien die volgende advertensie in die koerant.



2.4.1 Bereken die prys van die bakkie sonder BTW. (3)

2.4.2 Hy verneem dat die bakkie 'n 36 liter petrolenk het. Indien die prys van petrol R13,62 per liter is, bereken die koste om die tenk vol te maak (2)

[30]

VRAAG 3

Hoërskool Marite het Tukutuku Maatskappy genader oor 'n borgskap vir die materiaal om gras op die sportgronde te plant en die sportgronde te omhein, asook om die binnemuur van een klaskamer te verf. Die afmetings van die klaskamer se binnemure is 6,2 m by 5,1 m en is 3 m hoog. Die faktotum dui aan dat hy die volgende materiaal nodig het vir die werk: heining pale, draad, sement, klip, verf en grassaad.



- 3.1 Om te bepaal hoeveel grassaad die faktotum sal nodig hê, meet hy die lengte en die breedte van die sportgronde. Die lengte is 162 m en die breedte 160 m. Bereken die oppervlak waar die gras geplant moet word. Gebruik die formule:
Oppervlak van 'n reghoek = lengte x breedte (2)
- 3.2 Bereken die omtrek van die sportgrond in meter. Gebruik die volgende formule:
Omtrek= 2 (lengte + breedte) (2)
- 3.3 Bereken die hoeveelheid gate wat die werkers altesaam moet grawe, indien die pale 2 m van mekaar afgeplant moet word. Daar is 'n hek van 4 m wat aan twee pale vasgemaak sal word. Gebruik die formule:

$$\text{Hoeveelheid gate} = \frac{\text{omtrek}}{2m} - 1 \quad (3)$$

- 3.4 Bereken die oppervlak van die klaskamer mure wat geverf moet word. Die oppervlak van die deur is $1,71 \text{ m}^2$ en die totale oppervlak van al die vensters is $4,875 \text{ m}^2$. Gebruik die formule: (3)

Totale oppervlak van die mure= $2(l \times h) + 2(b \times h) - (\text{oppervlak van vensters} + \text{deur})$, waar:

$l = \text{die lengte van die klaskamer}$

$b = \text{die breedte van die klaskamer}$

$h = \text{die hoogte van die klaskamer}$

[10]

VRAAG 4

Hoërskool Piet Retief oorweeg opsies om 'n fotostaatmasjien te huur.



Hulle nader twee maatskappye, Irene fotostate en Toto fotostate en verkry die volgende aanbiedinge:

Irene fotostate:

Fotostaatmasjien te huur vir R800,00 per maand, insluitende 3 000 gratis fotostate per maand. Daarna word 5 sent per fotostaat gehef: $K = R800 + 0,05(n - 3000)$

Toto fotostate:

Fotostaatmasjien te huur vir R600,00 per maand, insluitende 2 500 gratis fotostate per maand. Daarna word 10 sent per fotostaat gehef: $K = R600 + 0,1(n - 2500)$

TABEL 2: Maandelikse koste (in Rand) om 'n fotostaatmasjien te huur

| | | | | | | | | |
|---------------------------------|-----|------|------|------|----------|------|----------|------|
| Hoeveelheidfotostategemaak(n) | 0 | 2000 | 2500 | 3000 | 4000 | 6000 | P | 8000 |
| Irene fotostate (Koste in Rand) | 800 | 800 | 800 | 800 | Q | 950 | 1000 | 1050 |
| Totofotostate (Koste in Rand) | 600 | 600 | 600 | 650 | 750 | 950 | 1050 | 1150 |

4.1 Bereken die ontbrekende waardes **P** en **Q**. (4)

4.2 Die lyngrafiek wat die totale huurgeld van Toto Fotostate voorstel, is geteken op BYLAAG B. Teken 'n lyngrafiek wat die totale huurgeld van Irene Fotostate voorstel op dieselfde assestelsel op BYLAAG B. (5)

- 4.3 Bepaal die hoeveelheid fotostate wat gemaak is wanneer beide maatskappye se huurkoste dieselfde is. (2)
- 4.4 Bereken die verskil in prys van die twee opsies indien die skool 8 000 fotostate maak vir albei opsies. (2)

[13]

VRAAG 5

Bestudeer die strookkaart op BYLAAG C en beantwoord die vrae wat volg. Die strookkaart wys die roete tussen Kimberly en Aliwal Noord.

- 5.1 Watter stad is suid-oos van Kimberly? (2)
- 5.2 Gee die afstand tussen Bloemfontein en Smithfield. (2)
- 5.3 Bepaal die afstand tussen Reddersburg en Rouxville. (2)
- 5.4 In watter provinsie is die meeste van die dorpe op die strookkaart geleë? (2)
- 5.5 Koos van der Merwe ry die afstand tussen Bloemfontein en Aliwal Noord in sy Toyota Corolla in 2 uur en 30 minute. Bereken die spoed waarteen hy gery het.
Gebruik die formule:

$$\text{Spoed (km/h)} = \frac{\text{afstand (km)}}{\text{tyd (h)}} \quad (4)$$

[12]

TOTAAL: 75

VRAAG 2**BYLAAG A**


| | | | | |
|--|-----------------------------------|---|-----------------------------|----------------------|
| KWOTASIE | | Manyeleti Hardwarewinkel | | |
| KLIËNTE INLIGTING Naam: LovedayMathebula IndustriëleKontrakteurs Gottenburg 1365 | | Mangolombistraat 200 Manyeleti 1380 Reg No: 2001/023115/10 BTWNo: 8754896368 Tel No : (013) 733 5455 Faks No : (013) 733 8774 E-pos : mangolombi@gmail.com | | |
| Geldig tot 15/05/2015 | | Kwotasie Nr: Q00002158 Datum: 15/03/2015 | | |
| SKU | Beskrywing | Hoeveelheid | EenheidPrys BTW uitgesl. | Totaal BTW ingesl |
| FG00012 | Hark | 3 | R 70,17 | R 210,51 |
| RBC-5622 | Struiksnoeier Ryobi 43cc | A_____ | R 2 367, 54 | R4 735, 08 |
| GRD1234 | Vuilgoedsakke plasties H/D 20 | 3 | R28, 06 | B_____ |
| HGF3457 | Olie L/Star twee strook 200 mℓ | 1 | R28, 94 | R28, 94 |
| TOTAAL (BTW uitgesl) | | | C_____ | |
| BTW | | | D_____ | |
| TOTAAL (BTW ingesl) | | | E_____ | |
| Baie dankie vir u navraag. Let asseblief dat pryse onderhewig is aan veranderinge en beskikbaarheid en mag verander sonder kennisgewing. Aflewering uitgesluit. Standaard terme en kondisies van toepassing. | | | | |
| BANK BESONDERHEDE | | | | |
| Phumelela Bank Lopende rekeningnommer: 1314455587 Takkode: 285648 | | | | |

BYLAAG B**VRAAG 4.2**

NAAM VAN LEERDER: _____

TABEL 2: Maandelikse koste (in Rand) om 'n fotostaatmasjien te huur

| | | | | | | | | |
|----------------------------------|-----|------|------|------|------|-----|------|------|
| Hoeveelheid fotostate gemaak (n) | 0 | 2000 | 2500 | 3000 | 4000 | P | 7000 | 8000 |
| Irene fotostate (Koste in Rand) | 800 | 800 | 800 | 800 | Q | 950 | 1000 | 1050 |
| Toto fotostate (Koste in Rand) | 600 | 600 | 600 | 650 | 750 | 950 | 1050 | 1150 |



BYLAAG C

VRAAG 5



**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRADE 11

**WISKUNDIGE GELETTERDHEID VRAESTEL 1
HALF JAAR EKSAMEN
MEMORANDUM**

| Simbool | Verduideliking |
|----------------|--|
| M | Methode |
| MA | Methode met Akkuraatheid |
| CA | Deurlopende Akkuraatheid |
| A | Akkuraatheid |
| C | Omskakeling / Herleiding Omsetting |
| S | Vereenvoudiging |
| RT/RG | Lees van Tabel / Grafiek |
| SF | Korrekte vervanging in 'n formule |
| O | Opinie / Mening |
| P | Penaliseer bv. Geen eenhede, verkeerd eafonding ens. |
| R | Afronding |

Hierdie memorandum bestaan uit 9 bladsye.

| VRAAG 1 [10] | | | |
|---------------------|--|--|-------------|
| Vraag | Oplossing | Verduideliking | Vlak |
| 1.1 | $2 \times 15\text{m}\ell \checkmark M$ $30\text{m}\ell \checkmark A$ | 1M vermenigvuldig 1A antwoord Antwoord alleen vol punte (2) | 1 |
| 1.2 | $\frac{20 \times 1,5}{4} \checkmark M$ $= 7,5 \text{ t} \checkmark A$ OF $1\frac{1}{2} \text{ t} : 4 \text{ mense} \checkmark M$ $: 20 \text{ mense}$ $\frac{20 \times 1,5}{4}$ $7,5 \text{ t} \checkmark A$ | 1MA vermenigvuldig 20 met 1,5 deel met 4 1A antwoord 1M verhouding 1A antwoord Antwoord alleen vol punte (2) | 1 |
| 1.3 | $^{\circ}\text{C} = (400^{\circ}\text{F} - 32^{\circ}) \div 1,8 \checkmark SF$ $= 368 \div 1,8$ $= 204,44^{\circ}\text{C} \checkmark A$ $= 200^{\circ}\text{C} \checkmark A$ | 1SF Vervang in formule 1A Vereenvoudiging 1A Afronding Antwoord alleen vol punte (3) | 2 |
| 1.4 | $\frac{3,6}{32,274} \text{ kg} \checkmark \checkmark M$ $0,11 \text{ kg } \checkmark A$ | 2MA deel met 32,274 1A vereenvoudig Antwoord alleen vol punte (3) | 1 |

| VRAAG 2 [30] | | | |
|---------------------|--|---|-------------|
| Vraag | Oplossing | Verduideliking | Vlak |
| 2.1.1 | $A = \frac{R4735,08}{R2367,54} \checkmark M$ $= 2\checkmark A$ $B = R28,06 \times 3 \checkmark M$ $= R84,18\checkmark A$ $C = R210,51 + R4735,08 + R84,18 + R28,94\checkmark M$ $= R5058,71\checkmark A$ $D = \frac{14}{100} \times R5058,71 \text{ OR } 0,14 \times R5058,71 \checkmark M$ $= R708,22\checkmark A$ $E = R5058,71 + R708,22\checkmark M$ $= R5766,93\checkmark A$ OF $E = \frac{114}{100} \times R5058,71 \checkmark M$ $= R5766,93\checkmark A$ OF $E = 1,14 \times R5058,71 \checkmark M$ $= R5766,93\checkmark A$ | 1MA deel 1A vereenvoudig 1M vermenigvuldig 1A antwoord 1M optel 1A antwoord 1M vermenigvuldig R5058,71 met 14% 1A antwoord 1M optel 1A antwoord 1M vermenigvuldig R5058,71 met 114% 1A antwoord Antwoorde alleen vol punte (10) | 1 |
| 2.1.2 | 2✓✓ RD | 2A lees vanaf diagram(2) | 1 |

| | | | |
|-------|---|---|---|
| 2.1.3 | Q00002158✓✓ RD | 2A lees vanaf diagram (2) | 1 |
| 2.1.4 | $\frac{200}{1\ 000} l \checkmark M$ $0,2 l \checkmark A$ | 1MA deel met 1 000 1A antwoord Antwoord alleen vol punte (2) | 1 |
| 2.2 | $i = \frac{8,5}{100} = 0,085 \checkmark A$ $Y_1(\text{Rente}) = 0,085 \times R6500$ $= R552,50 \checkmark M$ $Y_1(\text{totalebedrag}) = R552,50 + R6500$ $= R7052,50 \checkmark A$ $Y_2(\text{Rente}) = 0,085 \times R7052,50$ $= R599,46$ $Y_2(\text{totalebedrag}) = R599,46 + R7052,50$ $= R7651,96 \checkmark A$ OF $i = \frac{8,5}{100} = 0,085 \checkmark A$ $Y_1 = (0,085 \times R6\ 500) + R6\ 500 \checkmark MA$ $= R7\ 052,50 \checkmark A$ $Y_2 = (0,085 \times R7\ 052,50) + R7\ 052,50$ $= R7\ 651,96 \checkmark A$ | 1A rentekoers 1MA vermenigvuldig 0,085 met R6 500 1A vereenvoudig Y1 1A vereenvoudig Y2 (4) 1A rentekoers 1MA vermenigvuldig en optel 1A vereenvoudig Y1 1A vereenvoudig Y2 | 3 |

| | | | |
|-------|--|---|---|
| 2.3.1 | $P = R7200 - R3339,14\sqrt{SF}$ $= R3860,86\sqrt{S}$ | 1SF vervang in formule 1A vereenvoudig Antwoord alleen vol punte (2) | 2 |
| 2.3.2 | $\% \text{ verhoging} = \frac{R380,50 - R360,00}{R360} \times 100\sqrt{SF}$ $= \frac{R20}{R360} \times 100\sqrt{S}$ $= 5,56\%\sqrt{A}$ | 1SF vervang in formule 1S Vereenvoudig 1A antwoord Antwoord alleen vol punte(3) | 2 |
| 2.4.1 | $\frac{100}{114} \times R192600,00\sqrt{\sqrt{M}}$ $R168947,37\sqrt{A}$ OF $0,877192982 \times R192600,00\sqrt{\sqrt{M}}$ $R168947,37\sqrt{A}$ | 2M vermenigvuldig 1A antwoord 2M vermenigvuldig 1A antwoord Antwoord alleen vol punte(3) | 2 |
| 2.4.2 | $R13,62 \times 36\sqrt{MA}$ $= R490,32\sqrt{A}$ | 1MA deel met 36 1A antwoord Antwoord alleen vol punte (2) | 1 |


| VRAAG 3 [10] | | | |
|---------------------|--|--|-------------|
| Vraag | Oplossing | Verduideliking | Vlak |
| 3.1 | $A = 162m \times 160m\sqrt{SF}$ $= 25,92 m^2\sqrt{S}$ | 1SF vervang in formule 1A vereenvoudig (2) | 2 |
| 3.2 | $P = 2(162m + 160m)\sqrt{SF}$ $= 644m\sqrt{S}$ | 1SF vervang in formule 1A vereenvoudig (2) | 2 |
| 3.3 | $N = \frac{644 m}{2m} - 1\sqrt{SF}$ $= 322 - 1\sqrt{S}$ $= 321m\sqrt{A}$ | 1SF vervang in formule 1A vereenvoudig 1A antwoord (3) | 3 |
| 3.4 | $SA = 2(6,2m \times 3m) + 2(5mx3m) -$ $(4,875 m^2+1,71 m^2)\sqrt{SF}$ $=37,2m^2+ 30,6m^2 - 6,585 m^2\sqrt{S}$ $= 61,22m^2\sqrt{A}$ | 1SF vervang in formule 1A vereenvoudig 1A antwoord(3) | 2 |

| VRAAG 4 [13] | | | |
|---------------------|---|--|-------------|
| Vraag | Oplossing | Verduideliking | Vlak |
| 4.1 | $R1000 = R800 + R0,05(P - 3000) \checkmark SF$ $R200 = R0,05 (P - 3000)$ $4000 = P - R3000$ $P = 7000 \checkmark A$ OF $R1050 = R600 + R0,1(P - 2500) \checkmark SF$ $R450 = R0,1 (P - 2500)$ $4500 = P - 2500$ $P = 7000 \checkmark A$ $Q = R800 + R0,05(4000 - 3000) \checkmark SF$ $= R850 \checkmark A$ | 1SF vervang in formule 1A vereenvoudig 1SF vervang in formule 1A vereenvoudig 1SF vervang in formule 1A vereenvoudig Antwoord alleen vol punte(4) | 2 |

4.2

TABEL 2: Maandeliksekoste(in rand) of huur van fotostaatmasjien

| | | | | | | | | |
|-----------------------------|-----|------|------|------|------|------|------|------|
| Hoeveelheid afdrukke gemaak | 0 | 2000 | 2500 | 3000 | 4000 | 6000 | 7000 | 8000 |
| (Koste) Irene fotostate | 800 | 800 | 800 | 800 | 850 | 950 | 1000 | 1050 |
| (Koste) Toto fotostate | 600 | 600 | 600 | 650 | 750 | 950 | 1050 | 1150 |

**Merkriglyne**

- ✓1A stip(0,800)
- ✓✓2A ENIGE TWEE van die volgende punte korrek gestip (4000,850) (6000,950), (7000,1000), (8000,1050)
- ✓1A Benoem Irene fotostate
- ✓1A punte korrek verbind (**5 PUNTE**)

| | | | |
|-----|--------------------------------|---------------------------------------|---|
| 4.3 | 6000✓✓RG | 2A lees van grafiek (2) | 1 |
| 4.4 | R1150 – R1050✓MA R100✓A | 1MA aftrek 1A vereenvoudig (2) | 1 |

| VRAAG5 [12] | | | |
|--------------------|--|---|-------------|
| Vraag | Oplossing | Verduideliking | Vlak |
| 5.1 | Bloemfontein✓✓A | 2A Stad(2) | 1 |
| 5.2 | 132km ✓✓A OF 297 km - 165 km ✓M = 132 km✓A OF 549 km - 417 km✓M = 132 km✓A | 2Aafstand 1M aftrek 1A antwoord 1M aftrek 1A antwoord(2) | 1 |
| 5.3 | 73km + 38km ✓M = 111km✓A | 1M optel 1A antwoord(2) | 1 |
| 5.4 | Vrystaat✓✓A | 2A provinsie(2) | 1 |
| 5.5 | Tyd = 2h 30min = 2,5h✓C Afstand = 201km✓A Spoed = $\frac{afstand}{tyd}$ = $\frac{201km}{2,5h}$ ✓SF = 80,4 km/h✓S OF = 80 km/h | 1C herleiding 1A afstand 1SF vervang in formule 1A vereenvoudig(4) | 2 |